Verwysings vir die *Lewe en Bediening-vergaderingwerkboek*

3-9 MEI

SKATTE UIT GOD SE WOORD | NUMERI 27-29

"Wees onpartydig, net soos Jehovah"

***w13* 6/15 10 ¶14**
Waardeer Jehovah se eienskappe ten volle

14 Die vyf susters het Moses genader en hom gevra: "Waarom sou die naam van ons vader uit sy familie weggeneem word omdat hy geen seun gehad het nie?" Hulle het gepleit: "Gee tog vir ons 'n besitting onder ons vader se broers." Het Moses gereageer deur te sê: 'Daar is geen uitsonderings op die reël nie'? Nee, hy het "hulle saak voor Jehovah gebring" (Num. 27:2-5). Wat was Jehovah se antwoord? Hy het vir Moses gesê: "Die dogters van Selofhad het gelyk. Jy moet hulle vir seker 'n erflike besitting onder hulle vader se broers gee, en jy moet hulle vader se erfdeel op hulle laat oorgaan." Jehovah het selfs verder gegaan. Hy het die uitsondering in 'n reël verander en Moses beveel: "As iemand sterf sonder dat hy 'n seun het, dan moet julle sy erfdeel op sy dogter laat oorgaan" (Num. 27: 6-8; Jos. 17:1-6). Van toe af sou Israelitiese vroue wat hulle in dieselfde benarde situasie bevind, beskerm word.

***w13* 6/15 11 ¶15**
Waardeer Jehovah se eienskappe ten volle

15 Wat 'n liefdevolle en onpartydige besluit was dit tog! Jehovah het hierdie vroue, wat in 'n kwesbare situasie was, met waardigheid behandel, net soos hy Israeliete behandel het wat gunstiger omstandighede gehad het (Ps. 68:5). Dit is net een van baie Bybelverslae wat hierdie hartverblydende feit toelig: Jehovah behandel al sy knegte met onpartydigheid.—1 Sam. 16:1-13; Hand. 10:30-35, 44-48.

***w13* 6/15 11 ¶16**
Waardeer Jehovah se eienskappe ten volle

16 Hoe kan ons Jehovah se onpartydigheid navolg? Onthou, onpartydigheid behels twee elemente. Slegs as ons onpartydig *is,* sal ons ander onpartydig *behandel.* Ons almal wil graag dink dat ons onbevooroordeeld en onpartydig is. Maar jy sal waarskynlik saamstem dat dit nie altyd maklik is om ons eie gevoelens objektief te beoordeel nie. Wat kan ons dan doen om uit te vind of ons bekend staan as iemand wat onbevooroordeeld is? Wel, toe Jesus wou uitvind wat mense oor hom sê, het hy sy vertroude vriende gevra: "Wie sê die mense is die Seun van die mens?" (Matt. 16:13, 14). Volg gerus sy voorbeeld na. Jy kan 'n vriend wat jy weet met jou eerlik sal wees, vra of jy as 'n onpartydige persoon beskou word. Wat moet jy doen as hy of sy sê dat jy nog steeds tekens van rasse-, sosiale of ekonomiese vooroordeel toon? Dan moet jy ernstig oor jou gevoelens tot Jehovah bid en hom smeek om jou te help om jou gesindheid te verander sodat jy sy onpartydigheid in voller mate kan weerspieël.—Matt. 7:7; Kol. 3:10, 11.

Geestelike skatte

***it*-2-E 528 ¶5**
Offers

Drankoffers. Drankoffers was saam met die meeste van die ander offers aangebied, veral nadat die Israeliete in die Beloofde Land gekom het (Nu 15:2, 5, 8-10). Dit het bestaan uit wyn ("alkohol") en is op die altaar uitgegooi. (Nu 28:7, 14; vergelyk Eks 30:9; Nu 15:10.) Die apostel Paulus het aan die

Christene in Filippi geskryf: “Al word ek soos ’n drankoffer uitgegooi oor die offerande en die heilige diens waartoe geloof julle gelei het, is ek bly.” Hier het hy die voorbeeld van ’n drankoffer gebruik om te wys dat hy bereid was om soveel as moontlik van homself vir mede-Christene te gee (Flp 2:17). Kort voor sy dood, het hy vir Timoteus geskryf: “Want ek word reeds soos ’n drankoffer uitgegooi, en die tyd vir my verlossing is naby.” – 2Ti 4:6.

10-16 MEI

SKATTE UIT GOD SE WOORD | NUMERI 30-31

“Betaal jou geloftes”

***it*-2-E 1162**
Gelofte

Vrywillig, maar bindend wanneer dit eers gemaak is. Geloftes was heeltemal vrywillig. Maar wanneer ’n man eers ’n gelofte gemaak het, het Jehovah se wet hom verplig om dit na te kom. Daarom is daar van ’n gelofte gepraat as ’n eed waartoe iemand “sy siel . . . verbind”, wat gewys het dat hy sy lewe kon verloor as hy nie sy woord gehou het nie. (Nu 30:2, *bi12;* sien ook Ro 1:31, 32.) Omdat ’n mens se lewe op die spel is, is dit verstaanbaar dat die Bybel ons waarsku om uiters versigtig te wees voordat ons ’n gelofte maak en baie mooi te dink oor die verantwoordelikheid wat daarmee gepaardgaan. Die Wet het gesê: “As jy ’n gelofte aan Jehovah . . . maak, [sal God] dit vir seker van jou eis. Anders sal dit ’n sonde vir jou word. Maar as jy nie ’n gelofte maak nie, sal jy nie aan sonde skuldig wees nie.” – De 23: 21, 22.

***it*-2-E 1162**
Gelofte

’n Plegtige belofte aan God om iets te doen, ’n offer of geskenk te gee, ’n diens of voorwaarde na te kom of om weg te bly van sekere dinge wat nie op sigself teen die wet was nie. ’n Gelofte is iets wat uit vrye wil gedoen is. Omdat ’n gelofte ’n ernstige belofte was, was dit soos om ’n eed af te lê of by iets te sweer, en partykeer word die twee uitdrukkings saam in die Bybel gebruik (Nu 30:2; Mt 5:33). Terwyl ’n “gelofte” wys dat ’n mens die voorneme het om iets te doen, is ’n “eed” die beroep op ’n hoër gesag om te bevestig dat ’n verklaring betroubaar en bindend is. ’n Eed het dikwels gepaardgegaan met die bevestiging van ’n verbond. – Ge 26:28; 31:44, 53.

***w04* 8/1 27 ¶3**
Glanspunte uit die boek Numeri

30:6-8—Kan ’n Christenman sy vrou se geloftes nietig verklaar? Wat geloftes betref, handel Jehovah vandag met sy aanbidders as individue. Byvoorbeeld, toewyding aan Jehovah is ’n persoonlike gelofte (Galasiërs 6:5). ’n Man het nie die gesag om so ’n gelofte nietig te verklaar of te herroep nie. ’n Vrou moet dit egter vermy om ’n gelofte te maak wat met God se Woord of haar pligte teenoor haar man bots.

Geestelike skatte

***it*-2-E 28 ¶1**
Jefta

Mense kon aan Jehovah gewy word vir uitsluitlike diens ten opsigte van die heiligdom. Dit was ’n reg wat ouers kon uitoefen. Samuel was ’n voorbeeld hiervan, want sy ma Hanna het voor sy geboorte deur ’n gelofte belowe dat hy by die tabernakel sou dien. Haar man Elkana het hierdie gelofte goedgekeur. Toe Hanna opgehou het om Samuel te borsvoed, het sy hom vir diens by die heiligdom aangebied. Hanna het toe ook ’n dier

geoffer (1Sa 1:11, 22-28; 2:11). Simson was nog ’n kind wat spesiaal aan God se diens gewy is. Hy sou ’n Nasireër wees. – Rig 13: 2-5, 11-14; vergelyk die pa se gesag oor ’n dogter, soos ons kan sien in Nu 30:3-5, 16.

17-23 MEI

SKATTE UIT GOD SE WOORD | NUMERI 32-33

“Verdryf al die inwoners van die land”

***w10* 8/1 23**
Het jy geweet?

Wat was die “hoogtes” wat dikwels in die Hebreeuse Geskrifte gemeld word?
Toe die Israeliete op die punt was om die Beloofde Land binne te gaan, het Jehovah vir hulle gesê om al die plekke van aanbidding van die Kanaäniete wat daar gewoon het, te verwyder. “Julle moet . . . al hulle klipfigure vernietig, en al hulle beelde van gegote metaal moet julle vernietig, en al hulle heilige hoogtes moet julle verwoes”, het God beveel (Numeri 33:52). Hierdie sentrums van valse aanbidding was moontlik opelugvergaderplekke op heuweltoppe of platforms wat op ander plekke gebou is, soos onder bome of in stede (1 Konings 14:23; 2 Konings 17: 29; Esegiël 6:3). Dit was moontlik toegerus met altare, heilige pilare of pale, beelde, reukwerkstaanders en ander toebehore vir aanbidding.

***w08* 2/15 27 ¶5-6**
Leer uit die foute van die Israeliete

Ons kom vandag voor baie uitdagings te staan wat soortgelyk is aan dié waarvoor die Israeliete te staan gekom het. Die moderne samelewing het ook sy eie afgode. Dit sluit geld, vermaaklikheidspersoonlikhede, sportsterre, politieke stelsels, sekere godsdiensleiers en selfs gesinslede in. Enigeen van hierdie dinge kan die spil word waarom ons lewe draai. As ons hegte vriendskappe aankweek met diegene wat Jehovah nie liefhet nie, kan dit ons geestelike ondergang veroorsaak.

Ongeoorloofde seks was ’n onafskeidelike deel van Baälaanbidding wat baie Israeliete aangetrek en verlok het. Soortgelyke valstrikke eis nog steeds slagoffers onder God se volk. Byvoorbeeld, die kliek van ’n rekenaarmuis in die privaatheid van iemand se huis kan daartoe lei dat ’n nuuskierige of onbehoedsame persoon sy goeie gewete skend. Hoe hartseer sal dit tog wees as ’n Christen deur Internetpornografie verlok sou word!

***it*-1-E 404 ¶2**
Kanaän

Waar dit by die vernietiging van die Kanaäniete gekom het, het Josua wys opgetree, want “daar was nie ’n enkele instruksie wat Jehovah aan Moses gegee het wat Josua nie uitgevoer het nie” (Jos 11:15). Maar die nasie Israel het nie sy goeie voorbeeld gevolg deur die oorsaak van onreinheid heeltemal uit die land uit te roei nie. Omdat daar nog steeds Kanaäniete onder die Israeliete was, het dit baie slegte gevolge vir die Israeliete gehad en het dit mettertyd beslis tot meer sterftes onder die Israeliete gelei (om nie eers te praat van misdaad, seksuele sonde en afgodediens nie) as die totale getal Kanaäniete wat sou gesterf het as hulle vernietig was (Nu 33:55, 56; Rig 2: 1-3, 11-23; Ps 106:34-43). Jehovah het die Israeliete gewaarsku dat sy geregtigheid en sy oordele nie partydig sou wees nie. As die Israeliete met die Kanaäniete sou meng, met hulle sou trou, saam met hulle sou aanbid en hulle godsdiensgebruike en hulle afskuwelike gewoontes sou aanneem, sou dit beteken dat hulle dieselfde oordeel van

vernietiging sou ontvang en dat dit daartoe sou lei dat die land hulle ook “sal uitbraak”. – Eks 23:32, 33; 34:12-17; Le 18:26-30; De 7:2-5, 25, 26.

Geestelike skatte

***it*-1-E 359 ¶2**
Grens

Die lot het bepaal wat die geografiese ligging van ’n stam moes wees. Daarna sou dit nodig wees om vas te stel hoe groot die stam se gebied moes wees gebaseer op die tweede faktor: dat die grootte van die grond eweredig moes wees aan die grootte van die stam. “Julle moet die land deur die lot verdeel as ’n besitting onder julle families. Julle moet die erfdeel van die groter groepe groter maak en die erfdeel van die kleiner groepe kleiner maak. Elkeen se erfdeel sal wees waar die lot vir hom val” (Nu 33:54). Die besluit volgens die lot oor waar die grond moes wees, kon nie verander nie, maar die grootte van die erfdeel kon wel verander. Toe daar gesien is dat Juda se gebied te groot is, is hulle stuk grond kleiner gemaak deurdat dele daarvan aan die stam van Simeon gegee is. – Jos 19:9.

24-30 MEI

SKATTE UIT GOD SE WOORD | NUMERI 34-36

“Soek beskerming by Jehovah”

***w17.11* 9 ¶4**
Maak jy Jehovah jou toevlug?

4 Wat het die Israeliete met iemand gedoen wat ’n persoon per ongeluk doodgemaak het? Al was dit per ongeluk, was hy nog steeds skuldig omdat hy iemand doodgemaak het (Gen. 9:5). Maar hy kon van die persoon vlug wat hom moes doodmaak en na een van die ses vrystede toe gaan. Daar was hy veilig. Hy moes in die vrystad bly tot die hoëpriester se dood.—Num. 35:15, 28.

***w17.11* 9 ¶6**
Maak jy Jehovah jou toevlug?

6 Nadat ’n persoon iemand per ongeluk doodgemaak het, moes hy eers sy saak met die ouer manne in die stad waarheen hy gevlug het, bespreek. Hulle moes hom verwelkom (Jos. 20:4). Later het hy teruggegaan na die stad waar hy iemand doodgemaak het sodat daardie ouer manne sy saak kon oordeel. **(Lees Numeri 35:24, 25.)** Eers nadat die ouer manne besluit het dat die moord nie aspris was nie, kon die vlugteling na die vrystad toe teruggaan.

***w17.11* 11 ¶13**
Maak jy Jehovah jou toevlug?

13 ’n Vlugteling was veilig in ’n vrystad. Jehovah het oor die vrystede gesê: “Hulle moet vir julle as ’n toevlug . . . dien” (Jos. 20:2, 3). Jehovah het gesê dat ’n vlugteling nie twee keer vir dieselfde saak geoordeel kan word nie. En die wraaknemer was nie toegelaat om die vlugteling in die stad dood te maak nie. Terwyl die vlugteling in die stad was, was hy veilig, want Jehovah het hom beskerm. Hy was nie in ’n *tronk* nie. In die stad kon die vlugteling werk, ander help en Jehovah in vrede dien. Hy kon gelukkig en tevrede wees.

Geestelike skatte

***w91* 2/15 13 ¶13**
’n Ooreenstemmende losprys vir almal

13 Nòg Adam, nòg Eva vind egter by die losprys baat. Die Mosaïese Wet het hierdie beginsel bevat: “Julle mag geen losgeld aanneem vir die lewe van ’n moordenaar wat skuldig is om te sterwe nie” (Numeri 35: 31). Adam is nie verlei nie; dus was sy sonde moedswillig, opsetlik (1 Timotheüs 2:14).

Dit het neergekom op die moord van sy nakomelinge, want hulle het nou sy onvolmaaktheid oorgeërf en is sodoende ter dood veroordeel. Dit is duidelik dat Adam dit verdien het om te sterf, want as 'n volmaakte man het hy moedswillig gekies om ongehoorsaam aan God se wet te wees. Dit sou strydig met Jehovah se regverdige beginsels wees as hy die losprys ten behoewe van Adam aangewend het. Maar die feit dat die loon vir Adam se sonde betaal is, maak wel voorsiening daarvoor dat die doodvonnis oor Adam se nakomelinge tot niet verklaar word! (Romeine 5:16). Die vernietigende krag van sonde word wetlik by sy bron afgesny. Die losprysbetaler 'smaak die dood vir elkeen' en dra die gevolge van sonde vir al Adam se kinders.—Hebreërs 2:9; 2 Korinthiërs 5:21; 1 Petrus 2:24.

31 MEI–6 JUNIE

SKATTE UIT GOD SE WOORD | DEUTERONOMIUM 1-2

"Die oordeel behoort aan God"

***w96* 3/15 23 ¶1**
Jehovah—'n liefhebber van regverdigheid en geregtigheid

Aangestelde gemeentelike ouer manne het die verantwoordelikheid om in gevalle van ernstige sonde te oordeel (1 Korintiërs 5: 12, 13). Wanneer hulle dit doen, hou hulle in gedagte dat God se geregtigheid waar moontlik barmhartigheid probeer betoon. As daar geen grondslag daarvoor is nie—soos in die geval van onberouvolle sondaars—kan barmhartigheid nie betoon word nie. Maar die ouer manne sit nie so 'n oortreder om wraaksugtige redes uit die gemeente nie. Hulle hoop dat die uitsetting self hom tot besinning sal bring. (Vergelyk Esegiël 18:23.) Onder Christus se hoofskap dien die ouer manne in die belang van geregtigheid, en dit sluit in dat hulle soos "'n toevlug teen die wind" is (Jesaja 32:1, 2). Hulle moet dus onpartydig en billik wees.—Deuteronomium 1: 16, 17.

***w02* 8/1 9 ¶4**
Onderwerp jou lojaal aan God se gesag

4 Daar is egter meer van 'n regter vereis as om die Wet te ken. As onvolmaakte mense moes die ouer manne daarop let dat hulle enige verkeerde neiging—soos selfsug, partydigheid en gierigheid—bedwing, want dit kon hulle oordeel benewel. Moses het vir hulle gesê: "Julle mag in die regspraak nie partydig wees nie. Julle moet klein en groot op dieselfde wyse aanhoor. Julle mag nie bang word vir 'n mens nie, *want die regspraak is God s'n."* Ja, Israel se regters het vir God reggespreek. Wat 'n ontsagwekkende voorreg was dit tog!—Deuteronomium 1: 16, 17.

Geestelike skatte

***w13* 9/15 9 ¶9**
Jehovah se herinneringe is betroubaar

9 Toe die Israeliete 'n reis begin het wat 'n 40 jaar lange trek deur 'n "vreesinboesemende wildernis" geword het, het Jehovah nie spesifieke besonderhede gegee oor hoe hy hulle sou rig, beskerm en vir hulle sou sorg nie. Hy het nogtans herhaaldelik bewys dat hulle hulle vertroue in hom en sy instruksies kon stel. Jehovah het bedags 'n wolkkolom en snags 'n vuurkolom gebruik om die Israeliete daaraan te herinner dat hy met hulle is terwyl hy hulle deur daardie onherbergsame gebied lei (Deut. 1:19; Eks. 40:36-38). Hy het ook in hulle basiese behoeftes voorsien. "Hulle klere het nie verslyt nie, en hulle voete het nie geswel

nie." Trouens, "hulle het niks kortgekom nie". —Neh. 9:19-21.

7-13 JUNIE

SKATTE UIT GOD SE WOORD | DEUTERONOMIUM 3-4

"Jehovah se wette is wys en regverdig"

***it*-2-E 1140 ¶5**
Begrip

As iemand God se Woord en sy gebooie ywerig studeer en toepas, kan dit hom help om meer insig te hê as sy onderrigters en beter begrip te hê as ouer mans. (Ps 119:99, 100, 130; vergelyk Lu 2:46, 47.) Dit is omdat God se rein voorskrifte en regterlike bevele in werklikheid gebaseer is op wysheid en begrip. As Israel hierdie voorskrifte getrou sou gehoorsaam, sou die nasies rondom hulle hulle as "'n wyse en verstandige volk" beskou. (De 4:5-8; Ps 111:7, 8, 10; vergelyk 1Kn 2:3.) Die verstandige persoon erken dat God se Woord heilig is, wil sien of hy sy eie lewe in ooreenstemming met God se Woord lei en vra God om hom daarmee te help (Ps 119: 169). Hy laat toe dat God se boodskap diep insink (Mt 13:19-23), skryf dit op die tablet van sy hart (Spr 3:3-6; 7:1-4) en leer om "elke valse pad" te haat (Ps 119:104). Toe God se Seun op die aarde was, het hy hierdie soort begrip gewys, en nie eers probeer om die dood aan die paal vry te spring nie omdat die Skrif voorspel het dat hy so moes sterf. – Mt 26:51-54.

***w99* 11/1 20 ¶6-7**
Wanneer vrygewigheid geen perke ken nie

Verstom oor wat sy gehoor en gesien het, het die koningin nederig geantwoord: "Gelukkig [is] hierdie dienaars van u wat gedurig voor u staan, wat u wysheid hoor"! (1 Konings 10:4-8). Sy het nie Salomo se knegte gelukkig verklaar omdat hulle deur rykdom omring was nie—al was hulle. Salomo se knegte was eerder geseënd omdat hulle gedurig na Salomo se godgegewe wysheid kon luister. Wat 'n uitstekende voorbeeld is die koningin van Skeba tog vir Jehovah se hedendaagse volk, wat hulle kan verlustig in die wysheid van die Skepper self en dié van sy Seun, Jesus Christus!

Wat ook opmerkenswaardig is, is die koningin se volgende kommentaar aan Salomo: "Mag Jehovah u God geseënd wees" (1 Konings 10:9, *NW*). Sy het klaarblyklik besef dat dit Jehovah is wat aan Salomo wysheid en voorspoed gegee het. Dit stem ooreen met wat Jehovah vroeër aan Israel beloof het. 'Onderhou my insettinge', het hy gesê, "want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk."—Deuteronomium 4:5-7.

***w07* 8/1 29 ¶13**
Is jy 'ryk teenoor God'?

13 Wanneer Jehovah seëninge op sy volk uitstort, gee hy hulle altyd die beste (Jakobus 1:17). Toe Jehovah byvoorbeeld vir die Israeliete 'n woonplek gegee het, was dit "'n land wat oorloop van melk en heuning". Hoewel die land Egipte ook so beskryf is, het die land wat Jehovah vir die Israeliete gegee het, in ten minste een belangrike opsig verskil. Dit was "'n land waarvoor Jehovah jou God sorg", het Moses vir die Israeliete gesê. Met ander woorde, hulle sou voorspoedig wees omdat Jehovah na hulle sou omsien. Solank die Israeliete getrou aan Jehovah gebly het, het hy hulle ryklik geseën en het hulle 'n lewenswyse geniet wat opvallend beter was as dié van al die nasies om hulle. Ja, Jehovah

se seën "maak ryk"!—Numeri 16:13; Deuteronomium 4:5-8; 11:8-15.

Geestelike skatte

***w04* 9/15 25 ¶3**
Glanspunte uit die boek Deuteronomium

4:15-20, 23, 24—Beteken die verbod op die maak van gesnede beelde dat dit verkeerd is om afbeeldings van voorwerpe te maak vir kunsdoeleindes? Nee. Wat hier verbied is, was om beelde vir aanbidding te maak —om 'voor afgode neer te buig en hulle te dien'. Die Skrif verbied ons nie om beeldhouwerk te doen of skilderye van voorwerpe te maak vir kunsdoeleindes nie.—1 Konings 7: 18, 25.

14-20 JUNIE

SKATTE UIT GOD SE WOORD | DEUTERONOMIUM 5-6

"Leer julle kinders om Jehovah lief te hê"

***w05* 6/15 20 ¶11**
Ouers, voorsien in die behoeftes van julle gesin

11 In hierdie verband word geen Skrifgedeelte seker meer dikwels aangehaal as Deuteronomium 6:5-7 nie. Maak gerus jou Bybel oop en lees hierdie verse. Let op dat dit eers vir ouers sê om hulle eie geestelikheid op te bou deur liefde vir Jehovah aan te kweek en sy woorde ter harte te neem. Ja, jy moet 'n ernstige student van God se Woord wees wat die Bybel gereeld lees en daaroor peins sodat jy 'n goeie begrip van Jehovah se weë, beginsels en wette kan verkry en liefde daarvoor kan aankweek. Dit sal jou hart vul met interessante Bybelwaarhede wat jou met vreugde, ontsag en liefde vir Jehovah sal vervul. Jy sal 'n oorvloed goeie dinge hê om aan jou kinders oor te dra.—Lukas 6:45.

***w07* 5/15 15-16**
Hoe kan ek my kinders help om die beste opvoeding te ontvang?

Jou drome, ideale, waardes en belangstellings word nie net weerspieël in wat jy sê nie, maar ook in wat jy doen (Romeine 2: 21, 22). Kinders leer van kleins af deur hulle ouers noukeurig dop te hou. Hulle sien wat vir hulle ouers belangrik is, en dit is die dinge wat dikwels vir kinders belangrik word. As jy Jehovah werklik liefhet, sal jou kinders dit opmerk. Hulle sal byvoorbeeld sien dat Bybellees en -studie vir jou belangrik is. Hulle sal besef dat jy Koninkryksbelange eerste stel in jou lewe (Matteus 6:33). Jou gereelde teenwoordigheid by Christelike vergaderinge en deelname aan die Koninkrykspredikingswerk sal vir hulle toon dat dit vir jou baie belangrik is om heilige diens aan Jehovah te verrig.—Matteus 28:19, 20; Hebreërs 10:24, 25.

***w05* 6/15 21 ¶14**
Ouers, voorsien in die behoeftes van julle gesin

14 Soos Deuteronomium 6:7 toon, is daar baie geleenthede wanneer julle as ouers geestelike sake met julle kinders kan bespreek. Of julle nou saam reis, saam takies verrig of saam ontspan, julle sal waarskynlik geleenthede vind om in julle kinders se geestelike behoeftes te voorsien. Julle hoef natuurlik nie gedurig vir julle kinders oor Bybelwaarhede te "preek" nie. Probeer liewer om gesinsgesprekke op 'n opbouende, geestelike vlak te hou. Die *Ontwaak!* bevat byvoorbeeld baie artikels oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe. Hierdie artikels kan die weg baan vir gesprekke oor Jehovah se diereskepping, plekke met

pragtige natuurskoon oral in die wêreld en die wonderlike verskeidenheid kulture en lewenswyses van mense. Sulke gesprekke sal kinders dalk beweeg om meer van die lektuur te lees wat "die getroue en verstandige slaaf"-klas voorsien.—Matteus 24:45-47.

Geestelike skatte

***w19.02* 22 ¶11**
Liefde en geregtigheid in eertydse Israel

[11] ***Lesse:*** Jehovah sien meer as net 'n persoon se uiterlike voorkoms. Hy sien ons hart, die werklike persoon (1 Sam. 16:7). Geen gedagtes, gevoelens en dade kan van hom af weggesteek word nie. Hy fokus op ons goeie eienskappe en help ons om dit te ontwikkel. Maar hy wil hê dat ons verkeerde gedagtes moet identifiseer en beheer voordat dit tot verkeerde dade lei. – 2 Kron. 16:9; Matt. 5: 27-30.

21-27 JUNIE

SKATTE UIT GOD SE WOORD | DEUTERONOMIUM 7-8

"Julle mag nie met hulle trou nie"

***w12* 7/1 29 ¶2**
Waarom het God vereis dat sy aanbidders slegs met medegelowiges trou?

Oor die algemeen beskou, het Jehovah geweet dat Satan Sy volk wou verderf deur hulle tot die aanbidding van valse gode te keer. God het dus gewaarsku dat die ongelowiges "jou seun daarvan [sal] afkeer om my te volg, en hulle sal beslis ander gode dien". Baie was hier op die spel. As die nasie Israel ander gode begin dien het, sou hulle God se guns en beskerming verloor en maklike prooi vir hulle vyande word. Hoe sou die nasie dan die beloofde Messias kon voortbring? Dit is duidelik dat Satan rede gehad het om die Israeliete te verlok om met ongelowiges te trou.

***w15* 3/15 30-31**
Trou "net in die Here"—Is dit nog realisties?

Nietemin beveel Jehovah ons in die Bybel om net in die Here te trou. Waarom? Omdat hy weet wat die beste vir ons is en ons wil beskerm. Hy wil nie hê dat ons slegte besluite moet neem wat ons sal seermaak of ongelukkig sal maak nie. In Nehemia se dag het baie Jode met vroue getrou wat God nie gedien het nie. Daarom het Nehemia die slegte voorbeeld van Salomo gemeld. "Hy was geliefd by sy God, sodat God hom as koning oor die hele Israel aangestel het. [Maar] selfs hom het die uitlandse vrouens laat sondig" (Nehemia 13:23-26). Jehovah weet dat sy herinneringe goed is vir ons, en daarom beveel hy Christene om net in die Here te trou (Psalm 19:7-10; Jesaja 48:17, 18). Ons is baie dankbaar dat hy ons liefdevolle en betroubare raad gee. Wanneer ons Jehovah as ons Heerser gehoorsaam, erken ons dat hy die reg het om vir ons te sê wat om te doen.—Spreuke 1:5.

***w15* 8/15 24 ¶12**
Kies jou assosiasie wyslik in hierdie laaste dae

[12] Christene wat wil trou, moet hulle assosiasie wyslik kies. God se Woord waarsku ons: "Moenie saam met ongelowiges onder 'n ongelyke juk kom nie. Want watter gemeenskap het regverdigheid en wetteloosheid? Of watter deelgenootskap het lig met duisternis?" (2 Korintiërs 6:14). Die Bybel sê vir God se knegte om "net in die Here" te trou, dit wil sê om net met iemand te trou wat toegewy en gedoop is en wat volgens Jehovah se standaarde lewe (1 Korintiërs 7:39). As jy met iemand trou wat vir Jehovah lief is, sal

jy 'n maat hê wat jou sal help om getrou aan God te bly.

Geestelike skatte

***w04* 2/1 13 ¶4**
Jehovah voorsien in ons daaglikse behoeftes

4 Wanneer ons vir daaglikse brood bid, moet dit ons ook daaraan herinner dat ons elke dag geestelike voedsel nodig het. Hoewel Jesus baie honger was ná 'n lang vastyd, het hy Satan se versoeking weerstaan om klippe in brood te verander en gesê: "Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat uit Jehovah se mond kom' " (Matteus 4:4). Jesus het hier die profeet Moses aangehaal, wat vir die Israeliete gesê het: "Hy [Jehovah] het jou nederig gemaak en jou laat honger ly en jou met die manna gevoed, wat jy nie geken het en ook jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens van elke uiting uit Jehovah se mond lewe" (Deuteronomium 8:3). Die manier waarop Jehovah die manna verskaf het, het die Israeliete nie net van fisiese voedsel voorsien nie, maar ook van geestelike lesse. Om maar een ding te noem, hulle moes "dag na dag elkeen sy hoeveelheid optel". As hulle meer opgetel het as wat nodig was vir een dag, het die manna wat oorgebly het, begin stink en wurms gekry (Eksodus 16:4, 20). Maar dit het nie op die sesde dag gebeur wanneer hulle dubbel die daaglikse hoeveelheid moes optel sodat hulle genoeg vir die Sabbat sou hê nie (Eksodus 16:5, 23, 24). Die manna het dus by hulle tuisgebring dat hulle gehoorsaam moes wees en dat hulle lewe nie van brood alleen afgehang het nie, maar van "elke uiting uit Jehovah se mond".

28 JUNIE–4 JULIE

SKATTE UIT GOD SE WOORD | DEUTERONOMIUM 9-10

"Wat vra Jehovah julle God van julle?"

***w09* 10/1 10 ¶3-4**
Wat vra Jehovah van ons?

Wat kan ons beweeg om God gewillig te gehoorsaam? Moses noem een faktor wanneer hy sê: 'Vrees Jehovah jou God' (vers 12). Dit is nie 'n morbiede vrees vir slegte gevolge nie, maar eerder 'n heilsame, eerbiedige agting vir God en sy weë. As ons met 'n diepe ontsag vir God vervul is, sal ons hom nie wil mishaag nie.

Maar wat moet die vernaamste beweegrede wees vir ons gehoorsaamheid aan God? Moses sê: 'Jy moet hom [Jehovah] liefhê en Jehovah jou God dien met jou hele hart en jou hele siel' (vers 12). Liefde vir God behels meer as net gevoelens. Een naslaanwerk verduidelik: "Hebreeuse werkwoorde wat gevoelens uitdruk, verwys soms ook na die handelinge wat dit tot gevolg het." Dieselfde naslaanwerk sê dat om God lief te hê, beteken "om liefdevol [teenoor hom] *op te tree".* Met ander woorde, as ons God werklik liefhet, sal ons optree op maniere wat ons weet God behaag.—Spreuke 27:11.

***w09* 10/1 10 ¶6**
Wat vra Jehovah van ons?

Ons gewillige gehoorsaamheid sal seëninge meebring. Moses skryf: 'Onderhou die gebooie . . . wat ek jou vandag beveel, sodat dit met jou goed kan gaan' (vers 13). Ja, elkeen van Jehovah se gebooie—alles wat hy van ons vra—is tot ons voordeel. Hoe dan anders? "God is liefde", sê die Bybel (1 Johannes 4:8). Gevolglik het hy ons net gebooie gegee wat ons blywende welsyn bevorder (Jesaja 48:17). As ons alles doen wat

Jehovah van ons vra, sal dit ons nou al baie frustrasie spaar en eindelose toekomstige seëninge onder sy Koninkryksheerskappy tot gevolg hê.

***cl* 16 ¶2**
Kan jy werklik 'nader aan God kom'?

2 Abraham van die ou tyd het so 'n intieme verhouding met hom geniet. Jehovah het daardie aartsvader "my vriend" genoem (Jesaja 41:8). Ja, Jehovah het Abraham as 'n persoonlike vriend beskou. Abraham kon daardie intieme verhouding geniet omdat hy 'geloof in Jehovah gestel het' (Jakobus 2: 23). Jehovah soek ook vandag geleenthede om 'geheg te raak' aan dié wat hom uit liefde dien (Deuteronomium 10:15). Sy Woord spoor ons aan: "Kom nader aan God, en hy sal nader aan julle kom" (Jakobus 4:8). Hierdie woorde bevat 'n uitnodiging sowel as 'n belofte.

Geestelike skatte

***it*-1-E 103**
Enakiete

'n Volk waarvan die mense buitengewoon groot en lank was en wat in die bergstreke van Kanaän asook in party van die kusgebiede, veral in die suide daarvan, gewoon het. Op 'n stadium het drie belangrike manne van die Enakiete – Ahiman, Sesai en Talmai – in Hebron gewoon (Nu 13:22). Dit is hier waar die 12 Hebreeuse spioene die Enakiete vir die eerste keer gesien het en toe 10 van die spioene se verslag die Israeliete so bang gemaak het. Hulle het gesê dat hierdie manne afstammelinge was van die Nefilim wat voor die Vloed gelewe het en dat die Hebreërs soos "sprinkane" in vergelyking met hulle is (Nu 13:28-33; De 1:28). Omdat die Enakiete so groot was, is daar gesê dat hulle so reusagtig is soos die Emiete en Refaïete. Omdat hulle so sterk was, is dit waarskynlik waar die spreekwoord vandaan gekom het: "Wie kan teen die kinders van Enak staande bly?" – De 2:10, 11, 20, 21; 9:1-3.

© 2021 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania